# Hoofstuk 9
# Geld wat stom is, maak reg wat krom is.

**Aktiwiteit 9.1: Voer ’n onderhoud**

Gebruik die rubriek vir die evaluering van mondelinge opdragte soos deur die departement voorsien.

Voorsien die leerders van die volgende kontrolelys om hulle te help voorberei vir die aanbieding van hierdie aktiwiteit.

| | |
|---|---|
| Ons beplanning is deeglik en die vrae van ons onderhoud is goed ontwikkel rondom die opdrag wat ons ontvang het. | |
| Die inleiding is treffend. | |
| Die slot is kreatief en oorspronklik en vat die inhoud saam. | |
| Ons het die regte toon, styl en register gebruik. | |
| Ons woordeskat is gepas vir die inhoud en ons albei se uitspraak is korrek. | |
| Ons behou oogkontak met mekaar tydens die onderhoud en ons gebruik handgebare en die korrekte lyftaal om ons "karakter" uit te beeld. | |
| Ons gebruik ekstra visuele of oudio-hulpmiddels om ons aanbieding interessant te maak. | |

Hierdie kontrolelys mag gekopieer word.

**Lees en kyk**

**Aandagtige lees**

**Aktiwiteit 9.2: Ontleed ’n visuele teks**

**Memorandum**

9.2.1 Wat het met die **eerste oogopslag** jou aandag getrek? Motiveer jou antwoord. (2)[DV1]
*Leerder se eie, goed gemotiveerde antwoord.*
*Byvoorbeeld: Die illustrasies, want dit het die plakkaat kleurvol en vrolik gemaak.*
9.2.2 Som die vier stappe na finansiële vryheid in jou eie woorde op. (4)[DV1/2]
*Stap 1: Bepaal jou korttermyndoelwit vir die jaar.*
*Stap 2: Bepaal die mediumtermyndoelwit wat jy binne die volgende paar jaar wil bereik.*
*Stap 3: Skryf jou huidige begroting uit en dui aan waaraan jy jou geld tans spandeer.*
*Stap 4: Werk ’n nuwe begroting uit.*
9.2.3 Is die **teikenmark** vir hierdie leesstuk slegs tieners? Motiveer jou antwoord. (2)[DV1/2]
*Nee. Daar is ’n gedeelte van die teks wat raad aan ouers ook gee.*
9.2.4 Maak gebruik van jou soekleesvaardighede om vas te stel watter persentasie van die bevolking spaar. (1)[DV1/2]
*28%*
9.2.5 Wat is die doel daarvan om na ’n ou en nuwe **begroting** te kyk? (1)[DV2/3]
*Om te kyk hoe jy jou geld beter kan gebruik en kan spaar.*
9.2.6 Wat speel, volgens Dempsey, ’n bepalende rol in tieners se houding teenoor geld? (1)[DV2]
*Die voorbeeld wat deur hul ouers gestel word.*
9.2.7 Waarom is die illustrasie van die pienk varkie funksioneel ten opsigte van die inhoud van die artikel? (1)[DV3]

*Die artikel gaan daaroor om leerders te help om te spaar en hul geld beter te gebruik en die pienk varkie is ’n simbool van spaar – ’n spaarvarkie.*
9.2.8 Sou die teks meer **trefkrag** gehad het as dit in gewone paragrawe geskryf was? Motiveer jou antwoord. (2)[DV2/3]
*Leerder se eie, goed gemotiveerde antwoord.*
9.2.9 Stem jy saam met die skrywer se raad oor ’n begroting? Motiveer jou antwoord. (1)[DV4/5]
*Die leerders kan moontlik as volg antwoord: Ja, want ek kan sien dat dit my sal help om beter met my geld te werk.* [15]

## Skryf en aanbied

### ’n Advertensie

Hou ’n klasgesprek oor die leerders se gunstelingadvertensies. Hulle moet aandui waarom ’n sekere advertensie vir hulle so goed is. Lei die gesprek ook na advertensies in tydskrifte en koerante en watter kenmerke sulke advertensies behoort te hê.
Bespreek dan die wenke in die Leerdersboek met hulle nadat elkeen ’n advertensie uit ’n tydskrif of koerant gekies en uitgeknip het.
Laat hulle dan die kenmerke van ’n goeie advertensie vergelyk met die advertensie wat hulle gekies het.

### Aktiwiteit 9.3: Skryf ’n advertensie

*KABV bl. 46*
Begelei die leerders deur die skryfproses om die beste moontlike eindproduk te verkry.

**Beplanning**
Doen navorsing oor die onderwerp en kies toepaslike inligting.
Rangskik die idees in ’n logiese volgorde.

**Konsep**
Skryf ’n eerste poging en hou die doel en tekssoort in gedagte.
Lees jou eerste poging krities en kry terugvoer van jou onderwyser en klasmaats.

**Hersiening**
Evalueer jou idees en gebruik die terugvoer wat ontvang is.

**Redigering, proeflees en aanbieding**
Verfyn jou woordkeuse en sinstrukture.
Soek vir enige taal- en spelfoute.
Maak seker jy het leestekens korrek gebruik en die korrekte aantal woorde geskryf.

Verduidelik aan die leerders dat die ontwerp die volgende aspekte moet insluit:
* Dit moet al die nodige inligting bevat soos in die opdrag aangedui.
* Dit moet visueel aantreklik wees; hulle moet meer as een ontwerptegniek gebruik.
* Dit moet kort en kragtig wees – net die nodige inligting moet verskyn.
* Kies ’n logo of leuse wat by die advertensie se inhoud pas.
* Die finale aanbieding moet die teikengroep se aandag trek.

Verduidelik vir die leerders weer breedvoerig watter tipe ontwerpelemente gebruik kan word. Doen dit aan die hand van die voorbeelde wat in die klas in tydskrifte en koerante beskikbaar is. Maak ook seker dat die leerders verstaan wie die teikengroep vir hierdie spesifieke opdrag is.

Assesseer die leerders se skryfwerk deur gebruik te maak van die korrekte rubriek vir langer transaksionele tekste.

**Aktiwiteit 9.4: Skryf ’n verslag**

Bespreek die formaat en wenke vir die skryf van ’n verslag met die leerders.
Begelei die leerders deur die skryfproses om die beste moontlike eindproduk te verkry.

**Aktiwiteit 9.5: Taal-in-konteks oefening**

**Tieners en geldkwessies**

9.5.1 Verklaar die betekenis van die idiomatiese uitdrukking: "harde bene kou." (1)
*Om swaar te kry*

9.5.2 Skryf antonieme vir die volgende woorde neer:
a. eerste – *laaste* (1)
b. diktator – *demokraat/volksleier* (1)
c. inkomste – *uitgawe* (1)
d. negatiewe – *positiewe* (1)
e. baat – *benadeel* (1)

9.5.3 Skryf sinonieme vir die volgende woorde neer:
a. hartverskeurend – *hartseer* (1)
b. finansiële – *geldelike* (1)
c. volwassenes – *grootmense* (1)
d. krediet – *saldo* (1)
e. adviseur – *raadgewer*(1)

9.5.4 Skryf twee paronieme vir "vertroud" neer. (2)
*getroud; betroubaar; vertroue*

9.5.5 Skryf ’n sin uit die teks neer waar ’n voegwoord voorkom wat rede aandui. Onderstreep die voegwoord. (1)
*Om ’n beleggingsadviseur vir ’n pa te hê, het hulle net gebaat, want hul maandelikse inkomste het gegroei.*

9.5.6 Skryf die laaste sin oor en voeg die leesteken in wat ontbreek. (1)
*As hulle iets nie kan bekostig nie, is krediet nie die antwoord nie.*

[15]

**Aktiwiteit 9.6: Taal-in-konteks oefening**
**Leerling se spookasem-plan laat geld inrol**

9.6.1 Verklaar die betekenis van die uitdrukking: "geld soos bossies" (1)
*Om baie geld te hê*

9.6.2 Skryf antonieme vir die volgende woorde:
a. gereeld – *soms*
b. jong – *ou*
c. heeltydse – *deeltydse* (3)

9.6.3 Skryf sinonieme vir die volgende woorde:
a. inkomste – *verdienste/salaris*
b. vinnig – *gou*
c. gehalte – *kwaliteit* (3)

9.6.4 Verbind die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies:
a. Sy maak saans spookasem. Sy maak baie geld. (omdat) (2)
*Sy maak baie geld omdat sy saans spookasem maak.*
b. Sy het die idee gekry. Sy het dit by haar vriende gesien. (nadat) (2)
*Sy het die idee gekry nadat sy dit by haar vriende gesien het.*
c. Die vragmotor lewer spookasem af. Die bestellings is te veel. (aangesien) (2)
*Aangesien die bestellings te veel is, lewer die vragmotor spookasem af.*
9.6.5 Skryf 'n sin met ʼn paroniem vir die woord *aflewer.* (2)
*Die harde werk het goeie resultate <u>gelewer</u>.*

[15]

**Aktiwiteit 9.7: Woordeskat in konteks**
Verduidelik die betekenis van die volgende woorde binne konteks waarin dit gebruik is.

9.7.1 "teruggeploeg in die voorraad" (1)
*teruggesit/belê in die voorraad*
9.7.2 "deur skuld verswelg word" (1)
*deur skuld oorweldig word/ondergekry word*
9.7.3 "geld soos water uitgegee" (1)
*baie geld uitgegee*
9.7.4 "hoe hulle geld groei" (1)
*hoe hulle geld meer word*

[4]